# Die openbaring van God – ’n retories-kritiese interpretasie van Romeine 1:18-32

Elma Cornelius
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: sbbemc@puknet.puk.ac.za

### Abstract

#### The revelation of God – a rhetorical-critical interpretation of Romans 1:18-32

*M.A. Kruger’s 1983 doctoral thesis caused serious discussion in GKSA circles with regard to the differentiation between “general revelation” and “specific revelation”. Romans 1:18-32 seems to be a central pericope in the understanding of the revelation of God. A project of the Faculty of Theology, PU for CHE, focusing on this specific problem, gave birth to this article as a component of the interpretation of this pericope. The issue addressed in this article is how this pericope can be interpreted from a rhetorical-critical point of view. In my own interdisciplinary and interactional approach to rhetorical criticism, the purpose is to interpret the communicative function(s) of this pericope. It turns out that the letter to the Romans was addressed to those in Rome in order to convince them that the reason for their acceptance as God’s people lies in God’s work only and not in their imitation of the Jews. Romans 1:18-32 seems to be part of the opening of the letter body intended to be a warning for all people, including an example of what may happen if this warning is not taken seriously. The logic of the argument indicates that God’s wrath will come upon those who do not accept His revelation in creation.*

### Opsomming

#### Die openbaring van God – ’n retories-kritiese interpretasie van Romeine 1:18-32

*Die doktorale proefskrif van M.A. Kruger (1983) het ernstige diskussies tot gevolg gehad in GKSA-kringe oor die onderskeiding tussen “algemene openbaring” en “besondere openbaring”. Romeine 1:18-32 blyk ’n sentrale teks te wees in die verstaan van die Godsopenbaring. Binne die projek van die Fakulteit Teologie, PU vir*

*CHO oor hierdie spesifieke verstaansprobleem, het hierdie artikel die lig gesien as ’n klein onderdeel van die interpretasie van hierdie perikoop. Spesifiek aan die orde in hierdie artikel is die vraag hoe Romeine 1:18-32 verstaan kan word vanuit ’n retories-kritiese hoek. Vanuit my eie interdissiplinêre en interaksionele benadering tot retoriese kritiek is die doel om die kommunikatiewe funksies van hierdie perikoop te bepaal. Hierdie benadering dui uiteindelik daarop dat die brief aan die Romeine gerig was aan diegene in Rome, om hulle sodoende te oortuig dat die realiteit van hulle aanvaarding lê in die werk van God deur Jesus Christus en nie tot stand gebring is deur hulle navolging van die Jode nie. Romeine 1:18-32 vorm dan in hierdie brief die aanhef van die briefliggaam, en dien as ’n algemene waarskuwing vir Jood en nie-Jood, terwyl ’n voorbeeld gegee word van wat mag gebeur as hierdie waarskuwing nie met erns bejeën word nie. Die logika van die argument dui daarop dat God se toorn sal ontvlam oor dié wat nie sy openbaring in die skepping aanvaar nie.*

## 1. Inleiding

In 1983 het Kruger bepaalde standpunte teen die algemeen aanvaarde onderskeid tussen ’n “algemene openbaring” en ’n “besondere openbaring” van God ingeneem (sien sy doktorale proefskrif van 1983 sowel as sy referaat gelewer in 2000 by die Internasionale kongres van gereformeerde Kerke – Kruger, 2000). Intussen is daar in hierdie verband in die GKSA ’n gesprek aan die gang tussen Kruger en die kuratore. Romeine 1:18-32 blyk ’n sentrale teks te wees in die verstaan van die godsopenbaring.

Die vraag is hoe hierdie teksgedeelte uit Romeine 1:18-32 verstaan kan word. Binne die projek van die Fakulteit Teologie, PU vir CHO, oor hierdie spesifieke verstaansprobleem, het hierdie artikel die lig gesien as ’n klein onderdeel van die interpretasie van hierdie perikoop. Spesifiek aan die orde in hierdie artikel is die vraag hoe Romeine 1:18-32 verstaan kan word in die lig van die teorie van die antieke en moderne retoriek. Die doel van hierdie artikel is dus om ’n bydrae tot die verstaan van hierdie teksgedeelte te lewer vanuit ’n retories-kritiese hoek.

As ’n interpretasiemetode word retoriese kritiek al hoe meer erken (sien Hughes, 1989:23). Hierdie tipe interpretasie hou egter meer as net stilistiese analises, sosiale beskrywings of historiese rekonstruksies in (sien Wuellner, 1995:161). Om egter “die” metode van retoriese kritiek te beskryf, is ’n onmoontlike taak. So veel as wat daar teorieë van retoriek bestaan, soveel metodes van retoriese kritiek is daar. In my eie interdissiplinêre en interaksionele benadering tot retoriese kritiek (sien

Cornelius, 1998) is my doel om die kommunikatiewe funksie van 'n teks te interpreteer.

In hierdie artikel kom die volgende sake aan die orde:

- Die epistolêre struktuur van Romeine
- Die plek van Romeine 1:18-32 in die briefstruktuur
- Die argument in Romeine 1:18-32
- Die oortuigingstrategieë aan die orde in die perikoop
- Die waardesisteem aangebied in die perikoop

Alvorens die briefstruktuur van Romeine egter geïnterpreteer kan word, is dit belangrik om te besin oor die identiteit van die outeur en lesers en die doel van die Romeinebrief, aangesien hierdie interpretasie 'n invloed mag hê op die indeling van die brief. Hierdie bespreking van die outeur, lesers en die doel van die brief dien egter slegs as vertrekpunt vir die artikel en daar sal dus nie breedvoerig op die verskillende teorieë ingegaan word nie.

## 2. Die outeur, lesers en doel van die Romeinebrief

Alhoewel daar redelike duidelikheid in die Romeinebrief is oor die outeur, sal daar heel waarskynlik nooit konsensus wees oor die lesers en doel van hierdie brief nie. Vanaf die vroeë Romeine debat (sien Donfried, 1977 hieroor) tot vandag word hierdie sake steeds bespreek.

### 2.1 Die outeur

Die outeur identifiseer homself in die briefopening as Paulus en verskaf in hoofstuk 15 inligting rondom sy eie omstandighede:

- 15:19 – dat hy reeds die evangelie vanaf Jerusalem tot by Illirikum verkondig het;
- 15:25-26 – dat hy op pad is na Jerusalem om finansiële hulp vanaf Macedonië en Agaje te verskaf;
- 15:23, 24, 28 – dat hy beplan om, op pad na Spanje, diegene in Rome te besoek, iets wat hy al lankal wou doen.

Vergelyk ons hierdie gegewens met die Handelinge-narratief oor Paulus se werk, klop dit grootliks, behalwe dat Handelinge nie melding maak van finansiële hulp vir Jerusalem nie. Tog word die insameling vir die Jerusalem-gemeente ook in ander Pauliniese briewe vermeld. 'n Mens

sou die afwesigheid van hierdie sake in Handelinge op verskillende maniere kon verklaar – dit is egter nie deel van hierdie artikel nie.

Wedderburn (1991:24) verduidelik dat dit grootliks aanvaar word dat Paulus hierdie brief geskryf het tydens sy driemaandeverblyf in Korinte. Wat egter nie so geredelik aanvaar word nie, is wie die lesers van hierdie brief was.

## 2.2 Die lesers

In die debat oor Romeine is daar verskeie menings oor die identiteit van die lesers van hierdie brief. Was hulle Jode, Joodse Christene of gelowiges uit die heidennasies? Wanneer in hierdie artikel verwys word na die leser, word bedoel die geïmpliseerde of geënkodeerde leser, die leser soos hy in die teks aanwesig is of in die teks manifesteer. In Romeine 1:7 word die brief gerig aan “almal in Rome”. Die vraag is of hierdie kerk verskeie groepe verteenwoordig het. In Romeine 1:5-6 (“… al die heidennasies … julle is hierby inbegrepe …”) en 11:13 (“en nou praat ek met julle, gelowiges uit die heidennasies”) is dit egter duidelik dat die lesers van hierdie brief die gelowiges uit die heidennasies is. Selfs al sou ’n mens aanneem dat hierdie brief uiteindelik in die kerk van Rome gelees is deur ’n gemengde gehoor (sien Fraikin, 1986:94-95), verander dit geensins die feit dat die teks homself op die gelowiges onder die heidene toespits en homself ook so aanbied nie. Ons kan met ’n groot mate van sekerheid sê dat die lesers van die Romeinebrief gelowiges onder die heidene in Rome was. Dit is egter belangrik om te let op die opmerking van Wedderburn (1991:50) dat enige Christen-groepering in een of ander opsig “Joods” was vanweë die invloed van een of ander Joodse stigter en vanweë die denkwêreld van die Jode waarin die Christelike beweging ontstaan het.

Omdat ons hier met die geënkodeerde outeur werk, lyk dit logies om ook te vra na wat die teks verwag van die leser in terme van aannames, verwagtings, kennis en verwysingsraamwerk. Dit lyk asof die teks ’n leser vereis wat ’n bepaalde kennis moes gehad het van die Joodse geskrifte (sien bv. Romeine 7:1), van die gebruik en gesag daarvan en van wie Jesus was (sien ook Stowers, 1994:21-22). Verder kan ons aanvaar dat die outeur aanvaar het dat die lesers hom geken het, dat hulle Grieks kon verstaan, dat hulle die brief- en retoriese konvensies van hulle tyd geken het.

## 2.3 Die doel van die brief

Verskeie faktore maak dit moeilik om die doel van die brief te bepaal: die kompleksiteit van die struktuur van die brief, Paulus se omstandighede,

maar veral die omstandighede en identiteit van die lesers. Oënskynlik gee Paulus die doel van sy skrywe baie duidelik: hy wil die lesers graag sien om hulle geestelik te versterk (1:11). Hierdie saak is egter nie so eenvoudig nie en noodsaak ’n behoorlike studie (sien bv. Stendahl, 1976 en Wedderbrun, 1991). As voorlopige vertrekpunt egter, in die lig van bogenoemde identiteit van die lesers van die Romeinebrief, lyk dit logies om die doel van hierdie brief soos volg te formuleer:

- om die verhouding tussen die heidenvolgelinge van God en die wet, Jode en Judaïsme te verduidelik;
- om die plek van die Jode en heidene in God se plan te verduidelik.

Stowers (1994:36) verduidelik dat die skrywer in die Romeinebrief ’n retoriese strategie ontwikkel om die lesers te oortuig dat die realiteit van hulle aanvaarding nie lê in hulle navolging van die Jode nie, maar in wat God gedoen het en steeds doen deur Jesus Christus. Die doel van die brief blyk dus meer te wees as gewoon ’n bevestiging van gemeenskaplike waardes (soos beredeneer deur Wuellner, 1976). Hier is beslis iets van ’n aanmoediging tot nuwe denke.

## 3. Die plek van Romeine 1:18-32 in die epistolêre struktuur van Romeine

In die epistolografie word antieke briewe verdeel in die volgende dele (sien White, 1984:1739-1749; Deissmann, 1901:168; Doty, 1973:27):

- Briefopening
- Danksegging
- Briefliggaam
- Apostoliese *parousia*
- Vermanings
- Briefslot

Aangesien ’n brief gesien word as een vorm van kommunikasie, is dit ook moontlik om die funksies van die verskillende retoriese dele van ’n toespraak (soos te vind by Aristoteles, *Ars Rhetorica* III:xiv-xix en Quintilianus, *Institutio Oratoria* IV) te koppel aan die funksies van die verskillende briefdele. So sou dit byvoorbeeld moontlik wees om die funksies van die briefopening, in ooreenstemming met die funksies van die *exordium* van ’n toespraak te beskou, naamlik om die lesers se aandag, insig en ontvanklikheid te verkry en om die lesers positief in te stel teenoor die skrywer (sien Aristoteles, *Ars Rhetorica* III:xiv en

Quintilianus, *Institutio Oratoria* IV). Om die lesers se goedgesindheid te verkry word die oortuigingstrategieë *ethos* en *pathos* in 'n groot mate gebruik, deurdat die skrywer sy eie karakter positief beskryf en 'n emosionele appèl op die lesers maak. Net so ook, sou die *narratio* (agtergrond vir die argument) en *propositio* (die stel van die redevoering) tipies te vinde wees in die begin van die briefliggaam. In die middel van die briefliggaam sal die *argumentatio* dan te vinde wees. In die slot van die briefliggaam sal 'n mens tipies die *peroratio* verwag, waar 'n samevatting van die argument gegee word. Die briefslot is die finale poging van die skrywer om die lesers te oortuig deur 'n appèl op hulle emosies te maak.

Op grond van hierdie funksies interpreteer ek daarom die briefstruktuur soos volg:

- Briefopening (sender, ontvanger, groete, en enige vorm van *ethos* en *pathos* – sluit dus die danksegging in)
- Begin van die briefliggaam (agtergrond vir argument, en die stel van die argument)
- Die middel van die briefliggaam (die argumente(e))
- Die slot van die briefliggaam (samevatting van argumente of finale aanmoediging of vermaning op grond van die argumente)
- Briefslot (sekondêre groete, *ethos* en *pathos,* slotgroet).

Vanuit hierdie argument is dit daarom moontlik om die volgende interpretasie van die briefstruktuur van Romeine te maak:

- **Briefopening** 1:1-17
  - Sender, ontvanger en groete 1:1-7
  - *Patos* (*pathos*) en etos (*ethos*) in die vorm van 'n danksegging 1:8-12
  - *Etos*[1] 1:13-15
- **Begin van die briefliggaam**
  - Die stel van die argument van die brief 1:16-17
  - *Narratio* as agtergrond vir die argumente in die briefliggaam: 1:18-4:25

1 Hierdie verse word as etos (*ethos*) beskou, aangesien die skrywer die lesers oortuig van sy eie verlange om by hulle te wees.

- ’n Waarskuwing vir die afvallige mens (Jood en heiden) 1:18-32
- ’n Denkbeeldige gesprek[2] met ’n Jood as waarskuwing en belofte dat God die Jode en heidene onpartydig sal oordeel 2:1-16
- ’n Denkbeeldige gesprek met ’n Jood oor sy onderrig aan die heidene 2:17-4:25

• **Middel van die briefliggaam** (die argumente van die brief)[3]

Die wese van dié wat uit die geloof met God versoen is en hul verwagte morele optrede[4] 5:1-8:39

Die situasie van Israel in terme van God se geregtigheid 9:1-11:36

• **Slot van die briefliggaam**

Die aanmoediging op grond van die argumente 12:1-15:13

• **Briefslot** 15:14-16:27

In die lig van die genoemde doel van die brief, naamlik om die gelowige lesers uit die heidennasies te oortuig dat hulle aanvaarding nie lê in hulle navolging van die Jode nie, maar in wat God gedoen het en steeds doen deur Jesus Christus, word dit duidelik waarom Paulus eers in die opening van die briefliggaam, deur middel van ’n algemene waarskuwing (1:18-32) en denkbeeldige gesprekke met Jode oor die heidene (2:1-4:25), agtergrond gee oor die verhouding tussen God en Jood en heiden. Romeine 1:18-32 vorm dus deel van ’n agtergrond-argument vir die argumente wat volg in die briefliggaam. Volgens die waarskuwing in Romeine 1:18-32 word diegene wat hulle van God af wegdraai in hulle onderdrukking van die waarheid, deur God geoordeel. God se toorn kom tot uiting deurdat Hy hulle oorgee aan hulle eie begeertes en korrupsie.

---

2 Lees Stowers (1981) oor die diatribe of die denkbeeldige gesprek wat tipies was van die antieke retoriek.

3 Sien Hellholm (1993) vir ’n retoriese interpretasie van die makro-struktuur van Romeine. Sy interpretasie is kritiseerbaar in die lig van veral die retoriese interpretasie van briewe, maar is bruikbaar.

4 Sien die retoriese analise van Aletti (1997) van Romeine 5-8 asook Holland (1999) se interpretasie van Romeine 7:7-25. Dit is opmerklik dat die skrywer vanaf hoofstuk 5 vir die eerste keer weer direk met sy leser praat. Dit vorm ’n logiese oorgang na die middel van die briefliggaam.

# 4. Die redevoering in Romeine 1:18-32

## Inleidende teoretiese stelling

**Die funksie van die inleidende teoretiese stelling is om te verduidelik wat die gevolge is as die waarheid verwerp word. Retories dien dit as waarskuwing vir die lesers.**

<1:18>᾿Αποκαλύπτεται γὰρ ὀργὴ θεοῦ ἀπ᾿ οὐρανοῦ ἐπὶ πᾶσαν ἀσέβειαν καὶ ἀδικίαν ἀνθρώπων τῶν τὴν ἀλήθειαν ἐν ἀδικίᾳ κατεχόντων,

**Rede vir ὀργὴ θεου**

<1:19a> διότι τὸ γνωστὸν τοῦ θεοῦ φανερόν ἐστιν ἐν αὐτοῖς·

**Motivering vir φανερόν ἐστιν ἐν αὐτοῖς**

<1:19b> ο θεὸς γὰρ αὐτοῖς ἐφανέρωσεν.

**Rede vir hoe skrywer dit kan weet asook 'n verduideliking van die wyse van openbaring**

<1:20a> τὰ γὰρ ἀόρατα αὐτοῦ ἀπὸ κτίσεως κόσμου **τοῖς ποιήμασιν** νοούμενα καθορᾶται, ἥ τε ἀΐδιος αὐτοῦ δύναμις καὶ θειότης,

**Gevolg van openbaring**

<1:20b> εἰς τὸ εἶναι[5] αὐτοὺς ἀναπολογήτους,

**Rede vir ἀναπολογήτους**

<1:21> διότι γνόντες τὸν θεὸν οὐχ ὡς θεὸν ἐδόξασαν ἢ ηὐχαρίστησαν, ἀλλ' ἐματαιώθησαν ἐν τοῖς διαλογισμοῖς αὐτῶν καὶ ἐσκοτίσθη ἡ ἀσύνετος αὐτῶν καρδία.

<1:22> φάσκοντες εἶναι σοφοι ἐμωράνθησαν

<1:23> καὶ ἤλλαξαν τὴν δόξαντοῦ ἀφθάρτου θεοῦ ἐν ὁμοιώματι εἰκόνος φθαρτου ἀνθρώπουκαὶ πετεινῶν και τετραπόδων και ἑρπετῶν.

**Gevolge van hulle optrede gebaseer op inleidende stelling in 1:18**

<1:24> Διὸ παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς ἐν ταῖς ἐπιθυμίαις τῶν καρδιῶν αὐτῶν εἰς ἀκαθαρσίαν τοῦ ἀτιμάζεσθαι τὰ σώματα αὐτῶν ἐν αὐτοῖς·

<1:25> οἵτινες μετήλλαξαν τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεου ἐν τω ψεύδει και ἐσεβάσθησαν και ἐλάτρευσαν τῇ κτίσει παρα τὸν κτίσαντα, ὅς ἐστιν εὐλογητὸς εἰς τοὺς αἰῶνας, ἀμήν.

**Gevolg van oorgawe aan eie begeerlikhede: dieselfde-geslag-seks as vb**

<1:26> διὰ τοῦτο παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς εἰς πάθη ἀτιμίας, αἵ τε γὰρ θήλειαι αὐτῶν μετήλλαξαν τὴν φυσικὴν χρῆσιν εἰς τὴν παρα φύσιν,

<1:27> ὁμοίως τε καὶ οἱ ἄρσενες ἀφέντες τὴν φυσικὴν χρῆσιν τῆς θηλείας ἐξεκαύθησαν ἐν τῇ ὀρέξει αὐτῶν εἰς ἀλλήλους, ἄρσενες ἐν ἄρσεσιν τὴν ἀσχημοσύνην κατερ-

5 εἰς το + infinitief kan doel of gevolg aandui. (Sien Blass en Debrunner, vertaal en hersien deur Funk, 1961:207.)

γαζόμενοι καὶ τὴν ἀντιμισθίαν ἣν ἔδει τῆς πλάνης αὐτῶν ἐν ἑαυτοῖς ἀπολαμβάνοντες.

**Motivering vir toorn (herhaling van inleidende argument)**
<1:28a>καὶ καθὼς οὐκ ἐδοκίμασαν τὸν θεὸν ἔχειν ἐν ἐπιγνώσει,

**Verdere gevolge van oorgawe aan slegte gesindheid**
<1:28b> παρέδωκεν αὐτοὺς ὁ θεὸς εἰς ἀδόκιμον νοῦν, ποιεῖν τα μὴ καθήκοντα,

**τὰ μη καθήκοντα verklaar: ander sondes as vb**
<1:29> πεπληρωμένους πάσῃ ἀδικίᾳ πονηρίᾳ πλεονεξίᾳ κακίᾳ, μεστοὺς φθόνου φόνου ἔριδος δόλου κακοηθείας, ψιθυριστάς
<1:30> καταλάλους θεοστυγεῖς ὑβριστάς ὑπερηφάνους, ἀλαζόνας, ἐφευρετὰς κακῶν, γονεῦσιν ἀπειθεῖς,
<1:31> ἀσυνέτους ἀσυνθέτους ἀστόργους ἀνελεήμονας·
<1:32> οἵτινες τὸ δικαίωμα τοῦ θεοῦ ἐπιγνόντες ὅτι οἱ τὰ τοιαῦτα πράσσοντες ἄξιοι θανάτου εἰσίν, οὐ μόνον αὐτὰ ποιοῦσιν ἀλλὰ καὶ συνευδοκοῦσιν τοῖς πράσσουσιν.

Hierdie argument behels dus ’n teologies-teoretiese stelling (1:18) gerig aan die lesers, om te dien as waarskuwing en as agtergrond vir die argumente wat spesifiek later in die briefliggaam aan die orde kom. In 1:21-32 word dan ’n voorbeeld gegee van mense wat tipies die waarheid onderdruk het en dus God se toorn moes verdra. Die vraag mag wees of hierdie voorbeelde slegs fiktiewe voorbeelde is, of dit voorbeelde uit die historiese werklikheid is, en indien wel historiese voorbeelde, of dit die situasies van Jode, heidene of albei verteenwoordig. Hierdie vraag kan eers beantwoord word indien helderheid verkry is oor die identiteit van die ἀνθρώπων in vers 18 en die daaropvolgende persoonlike voornaamwoorde αὐτοῖς 1:19a; 1:19b;), αὐτοὺς:20b; 1:24; 1:26; 1:28b) en αὐτῶν (1:21; 1:24; 1:26; 1:27). Vers 18 blyk ’n duidelike definisie te gee van die ontvangers van die toorn van God, naamlik “mense wat die waarheid in ongeregtigheid onderdruk” (ἀνθρώπων τῶν τὴν ἀλήθειαν ἐν ἀδικία κατεχόντων). Op geen ander plek in die perikoop word hierdie mense nader gekwalifiseer nie. Dit is dus onmoontlik om hierdie mense as slegs heidene of Jode te beskryf en wek daaroor die indruk dat ons hier met ’n

stelling te doen het wat na alle mense verwys wat hierdie onreg teen God pleeg. Hierdie aanname impliseer dat die voornaamwoorde in verse 19 en 20 dus ook universeel geïnterpreteer moet word. Die voornaamwoorde wat egter in die verdere verse voorkom, spesifiek in die voorbeelde, mag egter na ’n spesifieke groep mense verwys. Dit bring ons by ’n bespreking van die gebruik van “voorbeelde” en ’n “anti-model” in argumentasie, as deel van die oortuigingstrategie *logos.*

## 5. Logos

*Logos* behels die logiese aanbieding van ’n argument in die vorm van enthuymeme, sillogismes en voorbeelde (sien Aristoteles, *Ars Rhetorica* A,ii). In hierdie gedeelte sal gefokus word op die volgende sake:

- Die logika van die argumente in hierdie perikoop
- Die gebruik van voorbeelde, illustrasies en anti-modelle in hierdie argumentasie

### 5.1 Die logiese aanbieding van die argument

In die retoriek word ’n argument as logies beskou as dit in die vorm van ’n sillogisme of entumeem voorkom – dit behels die aanbieding van ’n argument in die vorm van:

As A=B
en B=C
dan is A=C.

In hierdie perikoop blyk die argument slegs kwasi-logies te wees (sien ’n bespreking hiervan in Perelman & Olbrechts-Tyteca, 1969:193). Dit beteken dat hierdie argumente ’n bepaalde aanspraak maak op logika, maar dat slegs ’n doelbewuste poging dit demonstratief kan laat lyk. Vervolgens word gepoog om die logika van die waarskynlike vyf argumente in hierdie perikoop aan te dui:

| | |
|---|---|
| Argument 1: | Inleidend |
| 1:18a | God se toorn (A) ontvlam oor ongeregtigheid (B) |
| 1:18b | Ongeregtigheid (B) behels die onderdrukking van die waarheid (C) |
| – | God se toorn (A) ontvlam oor die onderdrukking van die waarheid (C). |

Argument 2:

| | |
|---|---|
| – | God se toorn (A) ontvlam oor die onderdrukking van die waarheid (B) |
| 1:19b-20 | Die waarheid (B) behels die openbaring van God aan die mens deur sy werke (C) |
| 1:19 | God se toorn (A) ontvlam dus oor diegene wat nie die openbaring glo en uitleef nie (C). |

Argument 3:

| | |
|---|---|
| – | God se toorn (A) ontvlam dus oor diegene wat nie die openbaring glo en uitleef nie (B) |
| 1:21-23 | Wie nie die openbaring glo nie (B), stel God gelyk aan diere (C) |
| 1:24-25 | God gee dus diegene oor (A) wat die waarheid in die leuen verander (C). |

| | |
|---|---|
| Argument 4: | met eerste voorbeeld |
| – | God gee dus diegene oor (A) wat die waarheid in die leuen verander (B). |
| – | Wie die waarheid ontken (B), leef in hulle eie begeertes (C) |
| 1:26 | God gee hulle dus oor (A) aan hulle eie begeertes (C). |
| 1:27 | Voorbeeld: homoseksualisme. |

| | |
|---|---|
| Argument 5: | met 'n lys van voorbeelde |
| 1:28a | God gee hulle oor (A) omdat hulle nie in Hom glo nie (B) |
| 1:28b | Wanneer God hulle oorgee (A), doen hulle die onvanpaste (C) |
| – | Omdat hulle nie in God glo nie (B), doen hulle die onvanpaste (C). |
| 1:29-32 | Voorbeelde: lys van sondes |

Daar word dus vanaf verse 21 spesifiek verwys na 'n groep mense wat die waarheid onderdruk het en dus tipies die toorn van God moes verdra. Hierdie verwysings dien as voorbeelde. Die vraag is watter rol voorbeelde in argumentasie speel om sodoende tot 'n interpretasie van die identiteit van die persone betrokke in die voorbeelde te kom.

## 5.2 Die gebruik van voorbeelde in argumentasie

Perelman en Olbrechts-Tyteca (1969:350) onderskei tussen drie soorte voorbeelde: die voorbeeld, die illustrasie en die model of anti-model. Die voorbeeld maak veralgemening moontlik en die illustrasie steun slegs 'n reeds bestaande saak, terwyl die model of anti-model die leser aanmoedig of afraai om die voorbeeld te volg.

In hierdie perikoop dien die voorbeelde eerder as illustrasies van wat die realiteit kan wees as die waarskuwing in vers 18 nie ter harte geneem word nie. En in hierdie illustrasies word die leser gekonfronteer met die aanbieding van ’n anti-model – ’n persoon/groep mense wat beslis nie gevolg moet word nie. Dit is so dat die krag van ’n illustrasie relatief is tot die leser se bereidwilligheid om die illustrasie te aanvaar – dit weer is relatief tot die historiese werklikheid van die illustrasie en die leser se bekendheid daarmee. Perelman en Olbrechts-Tyteca (1969:353) maak dit duidelik dat die illustrasie ten minste die status van ’n algemene feit moet hê alvorens dit effektief sal wees. As die leser die illustrasie as iets buite die historiese werklikheid sou beskou, sal die algemene waarskuwing in vers 18 verwerp word.

’n Mens mag dus aanvaar dat die outeur na werklike historiese situasies in hierdie perikoop sou verwys. Dit is egter nie duidelik na watter groep mense hier verwys word nie. Wat die outeur as noodsaaklik geag het, is slegs om die illustrasie te gee. Sy doel was dus nie om historiese gebeure te beskryf nie, maar om historiese gebeure (waarskynlik bekend aan die lesers) te gebruik om die krag van sy argument te verhoog.

Retories gesien, verhoog die skrywer die effektiwiteit van sy argument deur juis nie die persone, geoordeel deur God, te identifiseer nie. Hy wil die lesers juis oortuig van God se onpartydigheid – dat God se oordeel nie gaan oor wie geoordeel moet word nie, maar wat die rede vir die oordeel is.

Dit is ook interessant om te let op die verskillende voorbeelde van sondes wat gegee word. Dit mag ’n aanduiding wees van die erns van die argument. Die outeur maak dit baie duidelik wat die gevolge vir die persone in die lillustrasie was, om sodoende te beklemtoon dat hierdie anti-model nie nagevolg moet word nie. Wanneer die outeur na die anti-model verwys, noem hy by twee geleenthede slegs vinnig dat hulle wel die kennis van God gehad het, maar dit onderdruk het (1:21-26a en 28). Waarop hy egter baie klem plaas, is die gevolge van hulle optrede – hul oorgawe aan hul eie begeertes en die gevolglike lang lys van sondes (verse 1:26-27, 29-32).

Die vraag is, as die waarskuwing in vers 18 universeel bedoel is deur die outeur, watter emosionele appèl kan dit moontlik maak op die lerser? Dit is dus ’n vraag na die potensiële retoriese krag van die vers op die leser en dus ’n bespreking van die oortuigingstrategie *pathos.*

## 6. Patos

Patos is ’n oortuigingstrategie wat ingespan word om die gehoor/leser emosioneel te beïnvloed en sodoende hulle goedgesindheid te verkry (sien Aristoteles, *Ars Rhetorica* A,ii).

Die universaliteit van argumente maak ’n daadwerklike appèl op die emosies van enige leser. Wanneer die inleidende waarskuwing in 1:18 oënskynlik gerig word aan alle lesers (Jood en heiden), word die appèl direk gemaak op alle lesers. Die outeur kry dus dadelik die aandag van alle lesers. Verder kan die aard van die voorbeelde vervat in die argumente in Romeine 1:18-32, nie anders as om ’n dringende appèl op die emosies van die lesers te maak nie. Die aard van die voorbeelde dien dus as waarskuwing nog voordat die waarskuwing later in die brief spesifiek gerig word.

## 7. Tekens van waardes in die perikoop

Pilch en Malina (1993:xiii) definieer ’n “waarde” as:

- “some general quality and direction of life that human beings are expected to embody in their behaviour”;
- “a general, normative orientation of action in a social system”; en
- “an emotionally anchored commitment to pursue and support certain directions or types of actions”.

Waardes druk dus sterk, basiese en algemene sienings uit van hoe ’n mens behoort op te tree. Cambpell (1982:82-83) defineer ’n waarde as ’n konstruksie wat menslike optrede beskryf, ’n oordeel oor wat moreel goed, belangrik of mooi is. Perelman en Olbrechts-Tyteca (1969:75) sê dat waardes op een of ander tyd stof word vir ’n argument.

In Romeine 1:18-32 word ’n lys van sondes gegee en die implikasie daarvan is dat die teenoorgestelde optredes van daardie lys juis die waardes is wat die skrywer wil aanmoedig. Die implisiete waardes dien dus as aanmoediging tot ’n lewe wat vir God aanneemlik is.

## 8. Konklusie

Vanuit ’n retories-kritiese benadering lyk dit asof die brief aan die gelowiges onder die heidene in Rome gerig is met die doel om hulle te oortuig dat hulle aanvaar is op grond van die werk van God deur Jesus Christus en nie op grond van hulle navolging van die Jode nie.

Romeine 1:18-32 val dan in hierdie brief binne die begin van die briefliggaam waar die agtergrond vir die argumente in die middel van die briefliggaam gegee word. Romeine 1:18-32 dien as algemene waarskuwing vir Jood en nie-Jood, waarna denkbeeldige gesprekke met Jode en heidene gevoer word.

Die argument in Romeine 1:18-32 behels 'n teologies-teoretiese stelling (1:18) gerig tot die lesers om te dien as waarskuwing en dus as agtergrond vir die argumente wat spesifiek later in die briefliggaam aan die orde kom. In 1:21-32 word daar dan 'n voorbeeld gegee van mense wat tipies die waarheid onderdruk het en dus God se toorn moes verdra. Alles lyk asof dit daarop dui dat ons hier met 'n stelling te doen het wat verwys na alle mense wat hierdie onreg teen God pleeg.

Die logika van die argument kan soos volg saamgevat word:

> God se *toorn* ontvlam oor *ongeregtigheid*.
>
> *Ongeregtigheid* behels die *onderdrukking van die waarheid*.
>
> Die *waarheid* behels die *openbaring van God aan die mens deur sy werke.*
>
> God se *toorn* ontvlam dus oor *diegene wat nie die openbaring glo en uitleef nie.*

Die voorbeelde wat in verse 21-32 volg, dien as illustrasies van wat die realiteit kan wees as die waarskuwing in vers 18 nie ter harte geneem word nie. En in hierdie illustrasies word die leser gekonfronteer met die aanbieding van 'n anti-model. 'n Mens mag aanvaar dat die outeur na werklike historiese situasies in hierdie perikoop sou verwys. Dit is egter nie duidelik na watter groep mense hier verwys word nie. Retories gesien, verhoog die skrywer die effektiwiteit van sy argument deur juis nie die anti-model te identifiseer nie. Hy wil die lesers juis oortuig van God se onpartydigheid wanneer dit kom by die Jode en heidene.

Die universaliteit van die argument in hierdie perikoop in Romeine 1:18-31 maak 'n daadwerklike appèl op die emosies van enige leser. Die voorbeelde wat later volg, dien as waarskuwing. 'n Lys van sondes word gegee en die implikasie daarvan is dat die teenoorgestelde optredes van daardie lys juis die waardes is wat die skrywer wil aanmoedig.

## 9. Implikasie vir die GKSA-debat

Drie sake vanuit hierdie studie van Romeine 1:18-32 blyk relevant te wees vir die debat rondom die uitsprake van M.A. Kruger:

- Hierdie perikoop blyk ’n waarskuwing te wees, gerig aan mense (uit Jode en nie-Jode) wat die waarheid onderdruk (sien Kruger, 1983:33-35).
- Die “waarheid” behels die openbaring van God deur sy werke (sien Kruger, 1983:35).
- Die konstruksie εἰς τὸ εἶναι in Romeine 1:20b kan met alle reg geïnterpreteer word as ’n gevolgkonstruksie (sien Kruger, 1983:37).

Die implikasie van hierdie interpretasie is dat God Homself openbaar aan alle mense deur sy skepping en dat dit alleen tot gevolg het dat die mens geen verontskuldiging het nie. As die mens hierdie waarheid onderdruk, sal hy God se toorn ervaar.

## Bibliografie


ALETTI, J-N. 1997. The rhetoric of Romans 5-8. (*In* Porter, S.E. & Olbricht, T.H., *eds*. The rhetorical analysis of Scripture. Essays from the 1995 London Conference. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 294-308. *Journal for the Study of the New Testament*. Supplement Series 146.)

ARISTOTELES. Ars Rhetorica. London : Heinemann, 1947. (Loeb Classical Library.)

CAMPBELL, K.K. 1982. The rhetorical act. California : Wadsworth.

CORNELIUS, E.M. 1998. The effectiveness of 1 Thessalonians – a rhetorical-critical study. Stellenbosch : US. (D.Phil. thesis.)

DEISSMAN, A. 1901. Bible studies. Edinburgh : Clark.

DOTY, W.G. 1973. Letters in primitive Christianity. Philadelphia : Fortress.

DONFRIED, K.P. 1977. The Romans debate. Minneapolis : Augsburg.

FRAIKIN, D. 1986. The rhetorical function of the Jews in Romans. (*In* Richardson, P., *ed.* Anti-Judaism in Early Christianity: Paul and the Gospels. Ontario : Wilfrid Laurier. p. 91-106. (Studies in Christianity and Judaism, 2.)

FUNK, R.W. 1961. A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature. Chicago : University of Chicago Press.

HELLHOLM, D. 1993. Amplificatio in the macro-structure of Romans. (*In* Porter, S.E. & Olbricht, T.H., *eds*. Rhetoric and the New Testament. Essays from the 1992 Heidelberg Conference. Sheffield : JSOT. p. 123-151. *Journal for the Study of the New Testament*. Supplement Series 90.)

HOLLAND, G.S. 1999. The self against the self in Romans 7:7-25. (*In* Porter, S.E. & Stamps, D.L., *eds*. The rhetorical interpretation of Scripture. Essays from the 1996 Malibu Conference. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 260-271. *Journal for the Study of the New Testament*. Supplement Series 180.)

HUGHES, F.W. 1989. Early Christian rhetoric and 2 Thessalonians. Sheffield : JSOT.

KRUGER, M.A. 1983. Openbaring, geloof en geregtigheid. ’n Eksegetiese ondersoek van Romeine 1-4. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (D.D.-proefskrif.)

KRUGER, M.A. 2000. The Kingdom of God and those who have not heard the contents of Scripture. Unpublished paper presented at the International congress of Reformed Churches. Potchefstroom, July 2000.

PERELMAN, C.H. & OLBRECHTS-TYTECA, L. 1969. The new rhetoric. A treatise on argumentation. Translated by J. Wilkinson & P. Weaver. London : University of Notre Dame.

PILCH, J.J. & MALINA, B.J., *eds*. 1993. Biblical social values and their meaning. A handbook. Peabody, Massachusetts : Hendrickson.

QUINTILIANUS. Institutio Oratoria. Volumes I-IV. London : Heinemann. 1947. (Loeb Classical Library.)

STENDAHL, K. 1976. Paul among Jews and Gentiles. Philadelphia : Fortress.

STOWERS, S.K. 1981. Letter writing in Greco-Roman Antiquity. Philadelphia : Westminster Press.

STOWERS, S.K. 1994. A rereading of Romans: Justice, Jews, and Gentiles. New Haven : Yale University Press.

WEDDERBURN, A.J.M. 1991. The reasons for Romans. Minneapolis : Fortress.

WHITE, J.L. 1984. New Testament epistolary literature in the framework of ancient epistolography. (*In* Haase, W., *ed.* Aufstieg und Niedergang der Römischen Welt. Deel 2, volume 25(2). Berlyn : De Gruyter. p.1730-1756.)

WUELLNER, W. 1976. Paul's rhetoric of argumentation in Romans. *Catholic Biblical Quarterly*, 38:330-351.

WUELLNER, W. 1995. Rhetorical criticism. (*In* Castelli, E.A., Moore, S.D., Philips, G.A. & Schwartz, R.M., *eds*. The postmodern Bible. New Haven : Yale University Press. p. 149-196.)

**Kernbegrippe:**

Godsopenbaring
retoriese kritiek
Romeine 1:18-32

**Key concepts:**

revelation of God
rhetorical criticism
Romans 1:18-32